AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Intern:*

## TEGNIESE IT-ONDERSTEUNING

PRETORIA

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans ’n pos vir ’n intern: Tegniese IT-ondersteuning in die Inligtings- en Kommunikasietegnologie-afdeling beskikbaar. Hierdie pos is in Centurion, Gauteng gesetel.

### POSDOELSTELLING

Die intern: Tegniese IT-ondersteuning is verantwoordelik om onder toesig basiese tegniese en administratiewe ondersteuning aan personeel en studente te bied. Die pos speel ’n ondersteunende rol in die daaglikse funksionering van tegniese prosesse, ondersteuning met gebruikersnavrae, en dra by tot die werking van stelsels, infrastruktuur – alles binne ’n gestruktureerde leeromgewing.

### VERANTWOORDELIKHEDE

- Bied gebruikersondersteuning aan personeel en studente.
- Bied ondersteuning met basiese hardeware- en sagtewareprobleme – die skep, bestuur en kategoriseer van ondersteuningskaartjies om probleme op te spoor en te prioritiseer.
- Kommunikeer gereeld met gebruikers.
- Installeer en aktiveer rekenaars soos wat daar versoek word.
- Dokumenteer alle interaksies, oplossings en stappe wat geneem is om probleme op te los.
- Verseker dat IT-bates op ’n veilige en voldoende wyse gebruik en bestuur word.
- Bied ondersteuning aan studente en dosente (nauurs en e-leer) met tegniese navrae en toegangskwessies tydens klasse.
- Bied Proctorio-bystand.

### POSVEREISTES

- CompTIA A+ of soortgelyke kwalifikasie
- CompTIA N+ of soortgelyke kwalifikasie

### VAARDIGHEDE

- ’n goeie begrip van ITIL-raamwerke
- ’n goeie begrip van die lewensiklus van IT-bates
- effektiewe probleemoplossingvermoë
- sterk kommunikasievermoë
- goeie interpersoonlike en spanwerkvaardighede

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 5 Augustus 2025 ingedien word.** Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.